*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.

*Politieke Partye veg MET volksbelange.*

*Die Ossewabrandwag veg VIR volksbelange.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 6 MEI 1942. No. 26.

# „Die Afrikaner het Teen die Britse Ryk Gekies

## O.B.-Leiers Spreek Groot Vergadering Toe Op Lichtenburg

**Onderwyl 'n skare van twaalfhonderd voorverlede Saterdag op die Lichtenburgse tentoonstellingsterrein na die Kommandant-generaal en ds. S. J. Stander, voorsitter van die Grootraad, se opbouende toesprake geluister het, het adv. J. G. Strydom en genl. J. C. G. Kemp bitter aanvalle op die Ossewabrandwag op die markplein gedoen ten aanhore van 'n sewehonderd toehoorders.**

Dr. Van Rensburg het aangekondig dat besluit is om elke ordentlike Afrikaanse gesin te vra om elke laaste Sondag van die maand by hulle middagete iets prys te gee by wyse van meegevoel met die mense wat vandag onskuldig in donker selle sit. Hulle word versoek om op daardie dag sonder vleis of enige ander gereg wat hulle gewoonlik geniet, klaar te kom. Die geld wat daardeur bespaar word, kan in die Noodhulpfonds gestort word. Die hoofsaak is egter nie die geld nie, maar die idee dat die mense in die tronke op daardie dag sal weet dat elke Afrikaanse gesin op dié dag hul meegevoel betuig deur vrywillig iets prys te gee. As die kinders daardie dag aan tafel vra waarom die bepaalde gereg ontbreek, sal aan hulle vertel word.

Ten aanvang het die dr. Van Rensburg verklaar dat die O.B. geen mede-Afrikaners as vyande wil uitmaak nie. Die O.B. glo dat daardie mense wat vandag met hom rusie maak, op dieselfde pad is en in hoofsaak dieselfde pad stap maar die een wil net 10 myl stap en die ander 20, dan maak hulle nie rusie daaroor nie. Die man wat 20 myl wil stap, sal liewer saamstap en sy maat langs die pad probeer oorhaal om ook 20 myl te stap. Daarom wil die O.B. geen rusie soek met een van die bestaande groepe of partye wat as hoofdoel die republiek het en teen die kapitalisme is nie.

### AFRIKANER TEEN EMPIRE

Dit is die imperialisties-gesinde Engelssprekende in die land wat die Afrikaner gedwing het om kant te kies in hierdie stryd en die Afrikaner het beslis teen die Britse Ryk gekies. Daarna het die Regering gekom met internerings en ander strafmaatreëls. Vandag laat hulle 'n man sekere ondernemings teken dat hy nie sy plaas sal verlaat nie en nie gaste sal ontvang nie, met dreigement van internering. Hulle interneer hom in werklikheid op sy eie koste op sy eie plaas, het dr. Van Rensburg gesê.

Naturelle word reeds bewapen; en met die verskoning dat daar 'n geel gevaar is, gooi die Regering ons nou in die arms van 'n swart gevaar. Daarby kom die kommunistiese propaganda wat pleit dat die naturel se pas afgeskaf word en hom 'n geweer gegee word. By die Afrikaner het ons die toestand dat sy geweer afgeneem is en hy feitlik 'n pas moet dra.

Die Afrikaner kyk egter met vertroue na die toekoms. Hierdie oorlog is meer as 'n gewone oorlog. Dit is die ondergang van die kapitalistiese stelsel. In baie lande het daar 'n verjonging gekom. In ieder land het daardie verjonging hom geskaar om een of ander nasionale voorwerp as simbool. In hierdie land is dit geskaar om die ossewa en die lede van die Ossewabrandwag beskou hulleself as die geswore soldate van die Republiek. Hulle sal nie rus en die land nie laat rus voordat die Republiek verkry is nie.

Ds. S. J. Stander het verklaar dat die O.B. die hele Afrikanerdom wil omsluit. Die politieke party bly altyd net 'n deel en hy kan nooit die geheel omsluit nie. Baie mense het begin weghardloop van die O.B. toe met meer internerings begin is. Dit is egter soos in die dae van Gideon. Toe die volk opgeroep is, het daar te veel gekom. Nadat die beproewings egter gekom het, was daar net 'n klein maar dapper bende wat die toets deurstaan het. Met hulle het hy die slag gelewer en die altaar van Baal omgegooi.

Die verdeeldheid onder die Afrikaners is pynlik. Mense het blind geword vir mekaar se argumente. In werklikheid is ons mense egter nie so verdeeld nie. Hulle dink dieselfde maar klein geskilpunte word uitgebuit.

### DIE METODE

Mense vra hoe die O.B. die republiek gaan kry. As 'n man gaan ploeg, kan hy nie vooraf vir jou sê hoe hy gaan ploeg of hoeveel hy gaan wen nie. Hy moet wag vir die reën om te kom, maar voor die tyd maak hy sy trekgoed reg en hy sorg dat sy osse gereed is. Dit is wat die O.B. wil doen. Hy maak die trekvee en die trekgoed reg en as die reën kom, sal hy ploeg na gelang van die reën en na die beste van sy vermoë.

Die verdeeldheid onder die Afrikaners, het hy gesê, is nie 'n inherente eienskap nie. Dit is die gevolg van vreemde oorheersing en word by alle verowerde volke aangetref. Deur middel van 'n vreemde stelsel wat op ons afgedwing is, verdeel die vyand ons. Daardie stelsel is vir ons soos 'n byl met 'n skewe steel. Jy kap mis met hom en kap jou voete raak. Die voete waarop ons staan is ons eenheid en met hierdie vreemde stelsel kap ons dit raak. **Daardie stelsel was nie in ons republieke nie. Op goeie gesag is aan spreker vertel dat toe by die Nasionale Konvensie aangedring is op die taalregte van die Afrikaner, daar alleen toegegee is dat ons gelyke regte sou kry op voorwaarde dat ons die party-stelsel van regering aanvaar. Dit moet verwerp word.**

Die beskuldigings teen die O.B. is onverdiend. Die O.B. het net geskerm teen aanvalle wat op hom gedoen is en nou word hy beskuldig van die aanvaller te wees. Dit laat spreker dink aan die ou kaffer wat teen 'n staande motor geloop het en toe hy hom stamp, het hy gekla dat die bestuurder van die motor hom omry.

Mnr. M. C. Eloff, generaal van die afdeling, en mnr. Louis Bootha, hoofgeneraal van die Rand, het ook die vergadering toegespreek. Daarna het dr. Van Rensburg op voorstel van 'n moeder wie se seun in die plaaslike tronk aangehou word, versoek dat sowat honderd manne en vroue die Volkslied by die tronk sal gaan sing sodat die vyf man wat daar sit, dit kan hoor. Aansienlik meer as honderd mense het die Volkslied daar gaan sing.

**O.B. - Skryfblokke**

Blou met bypassende Koeverte

**2/6 posvry.**

Bestel by:

**O.B.-Hoofkantoor, Kaapland.**

**Kamer 916,**

**GROOTE KERKGEBOU — KAAPSTAD.**

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP— DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***

**LEVER BROERS.**

# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

JURGENS SCHOEMAN

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| choemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn | | | |
| Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

SCHOEMANNELLO-DRANK

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE


## Soiets Kan Nooit in Gesagstaat Gebeur

### VERNIETIGING VAN GROENTE

Die afgelope weke het daar op die Kaapstadse mark 'n skandaal plaasgevind wat in geen gesagstaat, soos die Ossewabrandwag beoog, ooit kan plaasvind nie. Talle en talle tonne groente en vrugte is op bevel van die gesondheidsbeampte vernietig. **Die boer se moeite oor 'n tydperk van maande was tevergeefs; hy was sy loon nie werd nie, en wat meer is, hy is op skandelike wyse in die vervulling van sy roeping in die wiele gery — sy roeping naamlik om in die behoeftes van sy mede-volksgenote te voorsien.**

Omdat ons nog in 'n kapitalistiese land lewe, is die maatstaf vir alle dinge klinkende geld. Ons markte is met die oog op hierdie kapitalistiese toestande ingerig. **Die doel is nie in die eerste plaas om voedsel aan die eters te verskaf en loon aan die arbeider nie, maar om geld te maak.** En wie is die geldmakers? die middelman wat in so baie gevalle los staan van die volksverband en geen duit omgee watter prys die boer vir sy produkte kry, watter prys die verbruiker daarvoor betaal en in watter toestand die verbruiker sy voedsel ontvang nie. Ons Regering self is meer geïnteresseerd in die verskaffing van kanonvoer aan Groot-Brittanje as in die verskaffing van voedsel aan sy onderdane. Daarom kan hy ook nie ingryp nie, hoewel daar 'n voedsel-diktator aangestel is.

In ons nuwe gesagstaat kan soiets nooit gebeur nie, want in die eerste plaas gaan dit nie oor die geld wat gemaak word uit die verkoop van produkte nie, **want ons maatstaf is die welsyn van die volk en die toepassing van geregtigheid. Daar mag niemand honger ly in ons land nie en niemand mag skade ly omdat hy vir ander voedsel voorberei nie.**

Die staat sal op hierdie grondslag die belange van die boer en die verbruiker harmonieer sodat die boer besef dat hy 'n belangrike roeping vervul deur die verskaffing van voedsel aan sy volk, en die verbruiker sal sy verskuldigde dank aan die boer betuig deur sy produkte teen so 'n prys te koop dat hy sy loon werd sal wees. Verder sal die nodige masjinerie daargestel word om te sorg dat die voedsel so versprei word dat geen volksgenoot honger hoef te ly en geen voedsel vermors hoef te word nie.


S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT, Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES


## STUDIEFONDS GESTIG VIR HANDELSOPLEIDING

Op versoek van die hoofleier van die Reddingsdaadbond vestig ons die aandag van lesers op die spesiale veldtog vir die insameling van 'n RDB-studiefonds in die maande Mei en Junie met die oog op verskaffing van studielenings aan Afrikaners wat opleiding wens te ontvang in die handel, nywerhede en finansiewese van ons land. Daar is besonder groot behoefte aan Afrikaners in hierdie vertakkinge van ons volkslewe en dit is gebiedend dat ons volk hierdie gebied moet verower.

Die doel van die Reddingsdaadbond is om 'n permanente studiefonds vir die doel op te bou. Daar is bepaal dat die helfte van alle fondse deur 'n bepaalde tak vir die doel ingesamel, gereserveer sal word vir lenings aan studente uit daardie taksgebied. Die res word aangewend op nasionale grondslag sodat die nood gelenig kan word waar dit die grootste is.


Kotzé

DIE KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD

DIE AFRIKAANSE KLEREMAKER — KLEED SUID-AFRIKA

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS


AFRIKAANSE DANSPARTYE

Gereeld elke Vrydagaand in

ADDERLEYSTRAAT 22

(Regoor Garlicks)

Musiek deur

PEET KRUGER

(Vroeër van HENDRIK SUSAN)

EN SY ORKES.

Toegang: dubbel 5/-, enkel 3/-.

Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.

Aanddrag verkieslik maar nie noodwendig.



DIE TROTS VAN ELKE BOER

- Sy Eie Besigheid
- Bediening in Sy Eie Taal
- Deur Sy Eie Mense

*Grys Sajet Broeke 29/6*
*Groen O.B. Halsdoeke 2/- elk*
*Withemde 8/6 ..*

*ONS SUKSES IS U SUKSES*

UNIEWINKELS

(KOOPERATIEF) BEPERK

GEREGISTREER ONDER WET NR. 28 VAN 1922.

*TAKKE OP:*

Kaapstad,
Johannesburg,
Benoni en Vereeniging

## GRONDSLAG VAN UNIALE KONGRES VERBREEK

### Verbrokkelingsbeleid Oorskry Tans Alle Perke

Deur die aanvaarding van die Eenheidsverklaring deur die Uniale Kongres te Bloemfontein het die H.N. Party van sy kant die onafhanklike bestaan erken van die O.B. as 'n volksorganisasie, net soos die O.B. saam met die F.A.K. en Reddingsdaadbond deur hul gesamentlike uitnodiging aan die Party die Party as die party-politieke front erken het.

Hierdie erkenning is nie alleen in woord gedoen nie, maar deur daad bevestig.

**Die O.B. het tot hede-toe nog nooit van hierdie standpunt verander nie. Daarom het hy steeds geweier om die voorbeeld van die Partyleiding te volg deur sy lede te beveel om uit die Party te tree.** Die party daarenteen het die verbrokkelingsbeleid aanvaar en deurgevoer so vasberade dat hy die O.B.-lede wat ook ampsdraers in die Party was, uitgeskop het.

Die O.B. het by die jongste verkiesings bevele uitgevaardig dat O.B.-kiesers die H.N. Partykandidate moet steun mits hulle nie die O.B. beveg nie.

Dr. Malan, daarenteen, het beveel dat die kandidate nie aan die versoek tot samewerking mag voldoen nie. Nogtans eis hy dat die mense wat hy en sy kandidate beveg, hom moet steun. **Met ander woorde, hy eis dat die O.B.-kiesers sy verbrokkelingsbeleid moet ondersteun.** Hulle moet hom help om die nasionaalgesinde Afrikanerdom dieper te skeur. Dit is die beleid wat Smuts pas. Dit is 'n daadwerklike en kragdadige ondersteuning vir Smuts, want as die kiesers verdeeld is, dan kry Smuts sy sin.

Meer daadwerklike hulp kan Smuts nie eens van sy Kakieridders verkry het as wat dr. Malan hom kragdadig verleen het nie. Sonder blik of bloos kom dr. Malan nou en beduie dat die verkiesingsuitslag bewys dat sy leiding reg was.

**Waarheid is die teenoorgestelde. In Namakwaland en Humansdorp o.a., waar die kandidate die O.B.-kiesers nie weggeja het nie, maar die aangebode hulp van die O.B. aanvaar het, het die Afrikaners seer seker bewys dat hulle teen dr. Malan se verbrokkelingsbeleid is. Daar het die beleid van samewerking van die O.B. geseëvier. Elders het die uitslag van die verkiesings die wegskop-beleid teen die O.B. van dr. Malan veroordeel en daar het die Malanbeleid van verbrokkeling, tot vreugde van Smuts, geseëvier, soos in Vryburg.**

En nou vaardig dr. Malan 'n manifes uit teen welmenende pogings om te herstel wat hy verbreek het, want so redeneer hy (Die Burger, 29 April): ,,Die beweging beoog die herstel van die Afrikaner eenheid . . . . **sonder dat die O.B. ens., hoef op te hou om te bestaan.'' M.a.w., hulle moet nie bly by die standpunt van die Uniale Kongres waarop die bestaan van die ander volksorganisasies as grondslag vir die volkseenheid met akklamasie en geesdrif aanvaar is nie. Nee, hy stap oor daardie kongresbesluit heen in sy verbrokkelingsbeleid binne Afrikanergeledere.** En genl. Smuts verwelkom dit. Dis 'n diens vir sy Empire-beleid.


Foon 62 Posbus 53

**HEILBRON**

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

**DIE MODERNEWINKEL**



*Pas Verskyn:*

**Van Aangesig tot Aangesig**

**Nuwe Roman van C. M. van den Heever**

*Gevierde Afrikaanse Skrywer*

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe.

Dis Van den Heever se grootste menseskepping. 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.

'n Roman van C. M. van den Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Prys 8/- en 8/6 posvry.*

Bestel van—

*DIE KAPPIE-BOEKHANDEL*

Spoorbondkasgebou - De Villiersstraat 15

JOHANNESBURG.






**'N VOORBRAND PRODUK**

*IN 3*

VERPAKKINGS:

*GEEL*

LIGTE MENGSEL

*BLOU*

MIDDELMATIGE STERKTE

*GROEN*

DONKERPYP

*Toets U Handelaar*

Vra PATRIOT



**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

ARBEIDSAAMHEID

*Fondse oorskry £1,800,000.*

Hoofkantoor:

Volkskas-gebou, Sentraalstraat,

PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



ONS is dwarsdeur die Unie sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**

Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.

*Die Laan, Stellenbosch.*


*WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD*

DIE O.B., WOENSDAG, 6 MEI 1942.

# Sappe in Plek van Republikeine?

Met die hernude aanvalle op die Ossewabrandwag onmiddellik ná die tussenverkiesings is dit nie meer duidelik waarheen die Herenigde Partyleiding eintlik dryf nie. Mens sou reken dat die vir die Afrikaner teleurstellende uitslag hierdie mense in hul verbrokkelingsbeleid tot besinning sou bring en laat besef dat hulle nooit die stryd kan wen solank hulle die meerderheid van die nasionaalgesinde Afrikanerdom van hulle af wegjaag nie. Dat hulle wel iets in dié rigting aanvoel, blyk uit die feit dat een van hul mondstukke tans aan die hand doen **dat hulle oortuigingswerk onder Jan Smuts se volgelinge moet aanpak. 'n Mens vra jouself egter af: maar waarom nie liewer die hand van vriendskap uitsteek tot die mense wat jy nie nodig het om te bekeer nie, maar wat nog al die jare jou strydmakkers was?**

Genoemde blad praat van hul positiewe program van beginsels waarmee die Sappe dan bekeer moet word. Hiervan sal ons moet aflei dat die Herenigde Party se program van beginsels vir die Sappe meer aanneemlik moet wees as vir die republikeinse Afrikaners, want 'n mens soek tog immers eerste die steun van mense wat die naaste aan jou staan?

Daar is vyf belangrike punte in die Herenigde Party se beleid waarvan ons bewus is dat dit meer ooreenstem met die Sap-beleid as met dié van die Ossewabrandwag, en dit is waarskynlik op hulle wat die blad sy hoop bou:

(1) Die Herenigde Party strewe daarna om die demokrasie te handhaaf in die toekomstige republiek, hoewel hulle hul bereid verklaar om 'n paar van die euwels uit te skakel. Hulle is egter nie gewillig om die grootste euwel, naamlik die Partystelsel, uit te skakel nie. **Aangesien die Sappe vir die behoud van die demokrasie veg, behoort hierdie deel van die H.N.P.-beleid vir hulle dus geen struikelblok in die weg van samewerking te wees nie.**

**Selfde Vyand.**

(2) Die tweede punt van ooreenkoms is dat die Herenigde Party hom baie skerp teen die Nasionaal-sosialisme uitspreek, en 'n republikeinse beweging probeer vernietig net omdat laasgenoemde weier om hom as 'n vyand van die nasionaal-sosialisme te verklaar.

**Aangesien die Sappe teen die Nasionaal-sosialisme veg, behoort hulle ook geen swarigheid teen hierdie deel van die H.N.P.-beleid te hê nie.**

(3) Die Herenigde Party het verder vir homself 'n aksiefront op die been gebring. Met hierdie aksiefront word die Ossewabrandwag beveg en streef die Partyleiding daarna om hierdie republikeinse organisasie heeltemal uit te delg.

**Die Sappe het 'n waarheidsleër op die been gebring waarmee hulle die Ossewabrandwag beveg, en as gevolg waarvan tientalle O.B.-lede vandag in die tronke en interneringskampe sit. Hulle behoort dus heeltemal bereid te wees om op hierdie punt hul steun aan die Herenigde Party te verleen.**

(4) Die Herenigde Party is baie besorgd dat daar nie weer bloed vir die vryheid moet loop nie. Hulle beskuldig die Ossewabrandwag dat hy wil rebelleer en 'n republiek met geweld wil stig en noem hom 'n rampokkerbeweging. Hulle glo net aan die Britse konstitusionele weg, en as die Afrikanerdom nie die meerderheid by die stembus kan verwerf nie, wel, dan bly ons maar binne die Empire tot ons eendag die meerderheid het — selfs al moet ons wag totdat die 2 miljoen Engelse wat ná die oorlog ingevoer sal word, uitgesterf het!

**Die Sappe is ook baie besorgd dat die Ossewabrandwag dalk 'n republiek met geweld kan stig en hulle praat selfs van ons as vyfdekolonners. Hulle glo ook dat as die meerderheid van die volk 'n republiek verlang, hulle dit moet ontvang, en dat dit deur middel van die stembus moet geskied.**

**Op hierdie punt sal dit dus ook nie vir die Partyleiding moeilik wees om oortuigingswerk te doen nie.**

**Engelse se Regte.**

(5) Ten slotte is die Herenigde Partyleiding besonder besorgd oor die regte van die Engelse in ons land. Dit moet gewaarborg word in die grondwet van ons republiek. Omdat die Ossewabrandwag uitgaan van die standpunt dat daar net een volk in Suid-Afrika erken kan word, naamlik die Boerevolk, en dat hierdie volk se regte nie gehalveer mag word nie, beskuldig die H.N.P.-leiding ons dat ons die nasionale pad verlaat het. Vir hulle moet enige eenheid gegrond wees op die beginsel van gelyke regte, d.w.s. erkenning van twee tale, twee nasies en twee kulture.

**Dieselfde standpunt word deur die Sappe gehuldig en hulle noem hulself juis daarom die Verenigde Party. Bekering onder hulle op hierdie punt, sal dus nie nodig wees nie.**

Die Herenigde Partyleiding sal dus blykbaar baie minder moeite hê om hierdie Sappe te bekeer as wat hulle gehad het om Ossewabrandwaglede uit hul party te verdryf!

Hierdie samewerking met die Sappe sal die verkryging van die republiek egter net so bemoeilik as wat die samewerking met die Arbeidersparty dit na 1923 gedoen het.

Gelukkig is die Ossewabrandwag nie afhanklik van enige Sap-steun ter verkryging van ons republiek nie, en die volk kan dus met vertroue uitsien na die dag waarop ons die Vierkleur weer sal hys.

# Geen Volkseenheid Moontlik Binne Partyverband

## Innerlike Vervlegting Tussen die Liberalisme en Sy Stelsels

Die **demokrasie** is die vreemde benaming van 'n lewenstyl waarin die opvatting van vrye wil van persone en groepe veronderstel word. In werklikheid is dit die vryheid wat aan persone en groepe binne die land se nasionale en maatskaplike lewe gegee word om **sonder verantwoordelikheid** teenoor ander volks- of landgenote hul **eie voordeel, eie selfsug en eie oogmerke** onbelemmerd, hoe skadelik dit ook vir hul medeburgers of die staat, hetsy sedelik of stoflik, is, te bereik.

Wat stoflike voordeel betref eis die man met geldelike vermoë die reg en maak gebruik van daardie vryheid, om deur spekulasies en winsbejag die geldmark te beheer; om deur sy geldmag die pryse van die boerderyprodukte en die pryse wat die verbruiker moet betaal, te beheer. Hy stel die rentekoerse vas en bepaal die kanse of andersins van ander om ook aan besittings te kom of te behou of te verloor wat hulle het. Hy beheer, of stuur die land se ekonomiese lewe in die rigting wat vir hom en sy groep die voordeligste is. Dit is wat ons noem die **Kapitalisme**, wat veronderstel die reg ook van die stoflike welvaart van 'n volk onder die demokratiese stelsel beheer.

### LIBERALISME

Hierdie bandelose vryheid veronderstel die reg van elkeen om ongeag die gemeenskaplike en volksbelange enige koers of rigting in te slaan wat die persoon of groep verkies. Dit is die s.g. liberale (of vrye) gedagte wat hom die reg moet gee om te leef en te doen soos hy verkies ,hoe skadelik dit ook al vir medemens en teenstrydig ook al met die algemene lewensbeskouing van die volk. Ons noem dit **Liberalisme**, wat veronderstel die reg ook van die vreemdeling of uitlander binne ons poorte om sy karakter en lewensbeskouing in ons volkslewe oor te ent. Nasionalisme is te eng vir die liberalis, net soos vir die kapitalis. Dit bind hom. **Daarom is die liberalis en die kapitalis altyd die pleitbesorgers van demokrasie en die demokratiese stelsel van regering.**

**Daarvandaan kom die Partystelsel wat die reg van elke persoon erken om 'n politieke party te stig waarmee hy dan in die politieke wêreld kan voortboer, bepleit wat hy wil en as hy genoeg aanhangers kry, deur middel van die stembus die regering van die land te verower en dan sulke wette te maak as wat vir sy party en sy volgelinge pas. Is hy aan bewind dan beveg hy die res van die volk, soos nou deur middel van noodregulasies, waardeur hy sy teenstanders in tronke en interneringskampe kan stop.** Dan verdink hy almal wat nie sy party se beleid ondersteun nie.

### GEEN VOLKSWIL

Sodoende kry die volk as geheel nooit onder 'n demokratiese partystelsel die geleentheid om sy wil te laat geld nie. Dis net altyd die wil van die Party wat aan bewind is, wat hom laat geld.

Dan trek die regerende party, soos die Smutsparty doen, teen almal wat anders voel te velde, en ander partye teen mekaar, en jy kry **volksverbrokkeling.** Dan beveg partye soos hulle nou doen ander volksorganisasies soos die O.B. en skeur die volk in twee of soveel dele as hulle wil.

Die demokratiese party-stelsel kan uit sy aard en wese as party, nie 'n algemene of breër omvattende volksorganisasie verdra of toelaat nie, want 'n algemene volksorganisasie laat geen ruimte vir persoonlike en groepvoordeel toe nie omdat dit rus op die volkswil, en 'n volksregering kan geen party-regering wees nie.

### GEEN VOLKSEENHEID

Die demokratiese party-stelsel is in wese liberalisties, want dit is daarop gegrond en liberalisme erken en sluit in kapitalisme. Dit is ook die erkenning van die reg van verbrokkeling van die volkseenheid, die reg om partye binne die volksgeledere te stig wat mekaar moet beveg en kan nooit, nòg in teorie nòg in praktyk, nasionaal wees nie, omdat dit nie die volk as 'n gemeenskaplike eenheid saamgebind in sy maatskaplike, politieke en ekonomiese lewe en uitsig omvat nie. **Dit kan ook nie die nasionaalgemeenskaplike eenheid bewerkstellig en handhaaf nie omdat dit 'n party in teenstelling met ander partye — dus 'n groep afgeskei en as teenhanger van ander groepe — veronderstel, want onder die Partystelsel word die burger uit nasionale verband na party-verband getrek, aanhanklik van die party en los uit sy volksverband gemaak.**

Laastelik, omdat die demokrasie die stelsel van **stryd** as middel tot verowering van posisie in die nasionale en sosiale lewe voorskryf, kan hy ook nooit volkseenheid bewerkstellig nie, want volksgenote moet mekaar gedurig beoorlog omdat hulle aan verskillende partye behoort.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | £2,671 | 13 | 10 |
| Manne-Kommando Montagu Lys 229 | 8 | 13 | 0 |
| Studente-Kommando Kaapstad Kollekte | | 7 | 5 |
| H. Genl. P. R. Retief Morceaux Ceres | 30 | 0 | 0 |
| Kammies Kroon Kommando Lys 246 | 12 | 0 | 3 |
| Outeniqua Vroue-Kommando | 10 | 0 | 6 |
| Rampokker Kaapstad | 5 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Rondebosch | 7 | 0 | 0 |
| Vryheidsdag-Kollekte Tarkastad | 5 | 7 | 9 |
| Lys 212 Aliwal-Noord | 30 | 4 | 11 |
| Manne- en Vroue-Kommando Gordonia | 3 | 0 | 0 |
| Lys 433 Vosburg | 5 | 0 | 0 |
| Lyste W4, W5 en W6 Kaapstad | 6 | 9 | 6 |
| Vriend Wellington | 6 | 0 | 0 |
| Lyste Nos. 201, 548, 549, 550 en 551 Goodwood | 6 | 1 | 3 |
| Lyste 317 en 545 Oude Molen Vroue-Kommando | 6 | 15 | 0 |
| Lys 558 Vroue-Kommando Bellville | 4 | 6 | 11 |
| Penkoppe Bellville | | 10 | 0 |
| Hoof Kommandantskap P.K. Kraamdraai Kenhardt Lys No. 75 | 11 | 12 | 6 |
| Totaal | £2,830 | 2 | 10 |

Die bedrag van £20 wat teen lyste Nos. 50 en 240 Manne- en Vroue-Kommando, Karreedouw aangegee word moet £9-12-0 wees. Die totale bedrag ontvang is dan £2,819-14-10.

# Wie Het die Oorwinning aan Smuts Besorg?

## Snaakse „Leiding" met Oog op Eenheid

**Die Partyleiding wil die volk tans diets maak dat dit die Ossewabrandwag is wat vir die Party se nederlaag in die tussenverkiesings verantwoordelik is. Dit is daarom nodig dat ons net 'n paar feite onder aandag van die volk moet bring in verband met die verkiesings.**

**Teen die Oorlog.**

Deur die Partyleiding is voorgehou dat die stryd hoegenaamd niks met die moeilikhede tussen Afrikaners te doen het nie, **maar dat dit uitsluitlik en alleen gaan oor die oorlogsbeleid.** Op grond hiervan het hulle 'n beroep gedoen op die steun van O.B.-lede. **Die Ossewabrandwag het hierdie versekering aanvaar en aangedring dat, aangesien ons 'n uitspraak oor die oorlog wil gee, die Herenigde Party kandidate stel wat vir alle nasionaalgesinde Afrikaners aanneemlik sal wees. Laat ons die hoogste mate van eensgesindheid by die stembus verkry deur die benoeming van kandidate wat goeie partylede is, maar darem nie 'n deel van die volk vervreem het deur hul vyandige optrede teen die Ossewabrandwag nie.** Die O.B. het nie geëis dat O.B.-lede as kandidate gestel moet word nie; hy het net gevra dat niemand gestel moet word wat die O.B. beveg het nie.

INDIEN DIT VIR DIE PARTYLEIDING ERNS WAS OM 'N UITSPRAAK OOR DIE OORLOG TE VERKRY, SOU HULLE NIE 'N MINUUT GEAARSEL HET OM SULKE AANNEEMLIKE KANDIDATE TE STEL NIE. Maar wat gebeur toe?

**Riversdal.**

In Riversdal word mnr. Streicher o.a. as aspirant-kandidaat voorgestel. Sy kandidatuur sou vir alle Afrikaners aanneemlik gewees het, want, hoewel hy geen lid van die Ossewabrandwag was nie, het hy die O.B. nie beveg nie. **Onder druk van die Partyleiding staan mnr. Streicher egter terug en mnr. P. K. le Roux, 'n man wat bekendheid verwerf het deur sy venynige aanvalle op die Ossewabrandwag, word van uit Oudtshoorn ingevoer om die volk se uitspraak teen Jan Smuts se oorlog in Riversdal te verteenwoordig!** 'n Kind kon voorspel het dat mnr. Le Roux nie honderd persent van die Afrikaners se steun sou ontvang nie. Maar die Partyleiding meen dat hy juis die geskikste kandidaat was om 'n uitspraak oor Smuts se oorlogsbeleid uit te lok.

En die uitslag? Presies soos elke kind sou voorspel het: **die Herenigde Party het 125 stemme MINDER gekry as in 1938 toe daar nog geen hereniging was nie en talle Afrikaners nog by die Sappe was!**

**Vryburg.**

In Vryburg is mnr. H. W. Labuschagne aanvanklik aangewys as kandidaat vir die tussenverkiesing. Ook in hierdie geval sou mnr. Labuschagne alle nasionaalgesinde stemme verenig het, want hy het nie die Ossewabrandwag beveg nie, en Smuts se oorlogsbeleid sou 'n nekslag in hierdie kiesafdeling ontvang het. **Die Partyleiding steur hulle egter nie aan hierdie vooruitsig nie, maar stuur 'n organiseerder van Kaapstad af, regstreeks in stryd met 'n vorige besluit van die Vryburgse Afdelingsbestuur, om in die plek van mnr. Labuschagne te staan. Hierdie kandidaat het nog niks anders as venyn teen die O.B. kwytgeraak nie, en so iemand moet nou die volk se uitspraak oor die oorlog gaan vertolk! Was dit moedswilligheid of kortsigtigheid?**

En die uitslag? **Die Herenigde Party verloor hierdie setel wat hy met mnr. Labuschagne of enige ander aanneemlike kandidaat met 'n meerderheid van etlike honderde kon verower het.**

**Brits.**

In Brits word mnr. Loubscher deur die Afdelingsbestuur aangewys as die Herenigde Partykandidaat. **Die Partyleiding gooi hierdie benoeming omver en eis dat die takke 'n kandidaat moet benoem, en wel nadat eers deeglik gereorganiseer is. DIE TAKKE BENOEM WEER 'N KEER MNR. LOUBSCHER AS KANDIDAAT — 'n duidelike uitspraak dus wat die Herenigde Party se kiesers self verlang!**

**Maar mnr. Loubscher, wat almal se stemme sou kry, mag nie teen Smuts se oorlogsbeleid veg nie, en die Partyleiding reël ook hierdie benoeming van sy eie takke buite orde en benoem iemand anders.**

**En die uitslag? 'n Deur en deur nasionale setel word aan Smuts geskenk omdat al die kiesers verbitterd was, en die Herenigde Partyleiding kla nou oor „verbrokkelende" elemente! Hulle wat selfs die uitspraak van hul eie partytakke omverwerp!**

**Ermelo.**

In Ermelo is mnr. J. H. Jacobz as kandidaat benoem. Ook hy was die aangewese persoon om die vaandel vir die Afrikanerdom teen Smuts se oorlog te dra, want hy was sy mede-Afrikaners nie vyandiggesind nie, en was lid van die H.N.P. se afdelingsbestuur.

**Ondanks die feit dat 24 uit 34 persone op 'n vergadering van die afdelingsbestuur in verband met die tussenverkiesing mnr. Jacobsz gesteun het, kom die Partyleiding en stel iemand anders in sy plek.** Hulle verwag toe dat die 24 ondersteuners van mnr. Jacobsz en hul volgelinge met ywer vir die ander kandidaat sou gaan werk omdat hy net soos mnr. Jacobsz teen Smuts se oorlogsbeleid is!

**En die uitslag? die Sappe wen die setel met 134 stemme MEER as die vorige keer toe hereniging nog nie plaasgevind het nie!**

**Namakwaland.**

Namakwaland het byna dieselfde weg opgegaan. Mnr. D. J. Scholtz word benoem as kandidaat, **maar omdat hy ook geen vyand van die Ossewabrandwag is nie, reik dr. Malan 'n bevel uit wat sy benoeming nietig verklaar.** As gevolg van mnr. Scholtz se vasberade optrede in belang van eenheid **bedink dr. Malan hom egter betyds en trek sy bevel terug.** Hier was toe 'n kandidaat wat die volle steun van alle Afrikaners erlang het, en die uitslag?

**'n Sap-meerderheid van 56 in 1936 word omgeskep in 'n reuse-nasionale oorwinning van 1,567! Dit het gebeur waar daar werklik 'n kandidaat gestel was wat die hele volk se gevoel teen die oorlog kon vertolk.**

**Dieselfde resultate kon in al die ander kiesafdelings behaal gewees het indien die Herenigde Partyleiding werklik meer bekommerd was oor die oorlogsbeleid en minder oor die vernietiging van die Ossewabrandwag.**

En dit is die leiers wat hoop om 'n republiek met meerderheid van stemme te verkry!

## WIL NOU AFRIKANERS BY SMUTS GAAN BEKEER

### Nasionaalgesindes Egter Uitgedryf

Die Burger doen ook nog die volgende belangwekkende verklaring na aanleiding van die verkiesingsuitslae: „Dit sal vir hom (die Herenigde Party) 'n aansporing wees om meer intensief as tevore deur oortuigingswerk op grond van sy positiewe program van beginsels en van aksie **bekeerlinge te maak onder die Afrikaners wat nog veldmaarskalk Smuts volg.** Die vraag sou wel gestel kan word of aan hierdie bekeringswerk genoeg aandag bestee word."

Op laasgenoemde vraag kan ons antwoord dat daar deur die Partyleiding soveel aandag bestee was aan die bevegting van nasionaalgesinde Afrikaners dat daar nie veel tyd oorgebly het om bekeerlinge in Smuts se kraal te maak nie!

**Nadat die Partyleiding duisende Afrikaners wat hardnekkig geweier het om die Party te verlaat, uitgedryf het, kan ons verstaan dat hy tans sy geledere uit Smutsvolgelinge moet aanvul!**

**SASBANK**
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**
*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*
Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

**MARKAGENTSKAP**
Vroeë Môre Mark
KAAPSTAD
*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

**DE KOCK se GARAGES**
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar:* D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

# BASAAR!

Die Manne- en Vroue-Kommandos, Observatory en die Vroue-Kommando, Woodstock hou 'n GESAMENTLIKE BASAAR op

VRYDAG, 8 MEI 1942 in die

N.G.-Kerksaal
Collingwoodweg
OBSERVATORY

*KOEK EN LEKKERNYE*

SATERDAGAAND

'n Musiekaand om 8 n.m. in dieselfde saal. — Kom hoor MEJ. MARJORIE BURGER in Kaatjie Kekkelbek.

# BASAAR!

Die Vroue Hoofkommandantskap, Kaapstad hou 'n Basaar in die

KOMITEEKAMER
GROOTE KERK-GEBOU
om 7.30 n.m.

**op Vrydag, 8 Mei 1942.**

Koffie en Pannekoek.

***Kom seker!***


## DIE GOEIE HOOP

(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.

Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.

V I R

Hoofweg, Durbanville. Foon 60.

KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.


***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***

*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*


VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN

## DAMES-ROKKE

besoek

**Steyns**

PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.



105 Takke 40,000 Lede

## AVBOB

Reserwe-fonds £90,000

Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE



## DAGBREEK vir die AFRIKANERS STABILIS

Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met

- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY

Ons is Agente vir:
HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.

Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!

Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!

Foon 30764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.



## Algemene Handelaars

FOON 5-4294

J. J. DE GOEDE,

STASIEWEG 51 — OBSERVATORY

*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Onder steun 'n Afrikaner.*



## EGTE BOSSIEVELD DROË FYN KAROO-KRAALMIS

| | |
|---|---|
| 1 ton en meer | 29/- |
| 20 ton en meer | 28/- |
| 40 ton en meer | 27/- |
| In klante se sakke | 18/- |
| Potas-Mengsel (Mis en As) | 40/- |
| Potas (Mis-As) | 40/- |

Bostaande pryse algar per ton van **twaalf** goeie sakke gelewer Unie-stasies aan bona fide boere deur my. Die mis is droog hamermeul-gemaald, spesiaal voorberei vir kunsmistoestelle. Ek lewer alleen die beste, afkomstig van egte Karoo-bossieveld. Geen onkruid. **Monsters op aanvraag. Onmiddellike aflewering. K.m.b. of k.b.a.**

B. J. ROODE

Posbus 15. KLIPPLAAT.


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### GEBOORTE

JOUBERT. — Aan mnr. en mev. Jozua Joubert (nee Annatjie Fischer) 'n fris seun in die Delherbe Verpleeginrigting, Kaapstad. Moeder en Seun wel.

### VERLOWING

BRUWER — KRIEL: Hiermee maak ons, Ria, ,,Helpmekaar,'' Montagu, en Hansie, ,,Isabeau,'' Robertson, bekend dat ons verloof is.

### DOODSBERIG

LOTTER. — Sag ontslape aan sy woning te Gegun, Pearston, op 14 April, my dierbare eggenoot en ons Vader, Johannes Cornelius Jacobus Lotter, in die ouderdom van 58 jaar.

Die bedroefde Eggenote en Kinders.

### AFSKEID

DIT was met leedwese dat die Vroue-Kommando, Pearston, van ons Kwartiermeesteres, mej. Nellie Schultz, moes afskeid neem, daar sy van haar dienste as Boekhouster, ontslaan is. Ons wens haar alle sukses toe in die toekoms.

### BENODIG

BOEKHOUER en Assitent Bestuurder vir 'n vinnig-groeiende motorwerke en algemene handelsaak op die platteland. Goeie vooruitsigte vir die regte man. Skryf besonderhede van ondervinding, salaris verlang, ens., aan ,,Garage,'' p/a. ,,Die O.B.,'' Groote Kerkgebou 916, Adderleystraat, Kaapstad.

### GEVRA

BOEKHOUER. — 'n Jong man met deeglike kennis van algemene Boekhou word gevra. Hy moet lid van die ,,O.B'' wees, en hom skriftelik aanmeld aan **XZ**, p/a. **Die Redakteur, ,,Die O.B.,'' Kamer 916, Groote Kerkgebou, Kaapstad,** met referensies en salaris verlang.

### PLAASVOORMAN

FLUKSE en betroubare man vir wingerdplaas. Ongetroud of getroud met klein huisgesin. Doen aansoek by:— A. Botha, ,,De Eike,'' Rawsonville.

### KENNISGEWING

GELIEWE kennis te neem dat die betrekking vir 'n Plaasvoorman reeds gevul is. Dank aan alle applikante. D. C. Odendaal, Driedeel, P.K. Verrekykerskop, Harrismith.

### APPELS

**APPELS:** Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug. **Kookappels 6/6** per kissie. V.O.S. **B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.**


## HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

Of u 'n groot of klein boord aanplant, HERHOLDT'S se deskundige advies is gratis tot u beskikking. Bestel nou vir die Winter-planttyd. Vrugtesorterings aan ons keuse toevertrou, verseker die hoogste tevredenheid.

Beste vroeg tot laat soorte Perskes, Pruime, Appelkose, Nektariene, Tamatiepruime, Appels, Pere, Moerbei, ens.

Hierdie nuwe lofwaardige perskes behoort in elke tuin te wees: JUBILEUM, MAGNIFIKA (Rooivleis-taaipit), SUIKERBOSSIE, HERHOLDT'S X.B., VOORTREKKER en talle ander.

Keurige **Roosversamelings**, Palms, Sierbome, Geïllustreerde Katalogus en Plantgids gratis.



## G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 700 — BLOEMFONTEIN — Opgerig 1848



## *AFRIKANER-KLEREMAKER!*

Foon 5-1486

- Vir u volgende Pak
- Billike Pryse
- Werk Gewaarborg
- Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier



## STEMPELS

Rubber Stempels vir O.B.-Kommando's met die O.B.-Wapen daarop.

17/6 Posvry.

TAFELBERG INDUSTRIEË,
Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.



## HAVENGA SE MOTORS

Agente vir
CHEVROLET en PONTIAC MOTORKARRE
Goeie en billike bediening
Posbus 45 — CERES



# VOORSLAG-PYNPOEIERS

DIE VEILIGE VERBANNER VAN

## ALLE PYNE

HOOFPYN, SINKINGSPYN, RUMATIEK, VROULIKE PYN, TANDPYN EN VERKOUES EN INFLUENSA.

## Die Voortrekker Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD. — Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

AS U HANDELAAR U NIE DAARVAN KAN VOORSIEN NIE VRA HOM OM DIT VIR U TE BESTEL.